ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n vol streep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

MUNISIPALITEIT BEAUFORT-WES

Kennisgewing no. 76/2009

Die Raad van die Munisipaliteit van Beaufort-Wes publiseer die onderstaande Verordening insake die Wysiging van die Verordening op Eiendomsbelasting, vir algemene kennisname.

VERORDENING INSAKE DIE WYSIGING VAN DIE VERORDENING OP EIENDOMSBELASTING

INLEIDING

AANGESIEN die Munisipaliteit van Beaufort-Wes ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) wetgewende bevoegdheid het;

EN AANGESIEN die Munisipaliteit in die uitvoering van sy funksies dit nodig ag om die Verordening op Eiendomsbelasting soos afgekondig by Kennisgewing 140/2007 dateer 25 Januarie 2008 te wysig;

Verorden die Munisipaliteit van Beaufort-Wes soos volg:-

WYSIGING VAN ITEM 18 VAN BYLAE 1 VAN DIE AFRIKAANSE TEKS VAN KENNISGEWING 140/2007

1. Item 18 van Bylae 1 van die Afrikaanse teks van Kennisgewing 140/2007 word hierby gewysig:-

   "[Onderhewig aan subitem (2), sal die] Die Raad sal residensiële eiendomme wat 'n markwaarde van laer as R19,000.00 (negentien duisend rand) het van belasting vrystel"

WYSIGING VAN ITEM 19(2) VAN BYLAE 1 VAN KENNISGEWING 140/2007

2. Item 19(2) van Bylae 1 van Kennisgewing 140/2007 word hierby gewysig:-

   "(2) 'n Eienaar waarna in subitem (1) verwys word, moet [maandeliks] jaarliks 'n geldige bewys aan die Munisipale Bestuurder voorlê dat hy of sy steeds 'n boer is."

Munisipale Kantore
Donkinstraat 112
Beaufort-Wes
6970

J. Booysen
Munisipale Bestuurder

GENERAL EXPLANATORY NOTE:-

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

MUNICIPALITY BEAUFORT WEST

Notice no. 76/2009

The Council of the Municipality of Beaufort West publishes the sub-joined By-Law relating to the amendment of the Rates Policy By-Law for general notice.

BY-LAW RELATING TO THE AMENDMENT OF THE RATES POLICY BY-LAW

INTRODUCTION

WHEREAS the Municipality of Beaufort-Wes is vested with legislative authority in terms of the Constitution of the Republic of South Africa (Act No. 108 of 1996);

AND WHEREAS the Municipality in the exercise of its functions deemed it necessary to amend the Rates Policy By-Law as enacted on 25 January 2008 by Notice 140/2007;

Be it therefore enacted by the Municipality of Beaufort Wet as follows:-

AMENDMENT OF ITEM 18 OF SCHEDULE 1 OF THE AFRIKAANSE TEXT OF NOTICE 140/2007

1. Item 18 of Schedule 1 of the Afrikaans text of Notice 140/2008 is hereby amended by the following deletion and insertion:-

"[Onderhewig aan subitem (2), sal die] Die Raad sal residensiële eiendomme wat 'n markwaarde van laer as R19,000.00 (negentien duisend rand) het van belasting vrystel"

AMENDMENT OF ITEM 19(2) OF SCHEDULE 1 OF NOTICE 140/2007

2. Item 19(2) of Schedule 1 of Notice 140/2007 is hereby amended by the following deletion and insertion:-

"(2) An owner referred to in sub-item (1) must [annual] annually provide credible proof to the Municipal Manager that he or she is still a farmer [of his or her economic/financial position to the Municipal Manager].

Municipal Offices
112 Donkin Street
Beaufort West
6970

J. Booysen
Municipal Manager